# Die paddavissie

Illustrasies: Helga Hoveka
Outeur: Sue Setton

**Kwartaal 3** – Groot Boek 3



**Afrikaans**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER



Pietie die paddavissie
woon in ’n dammetjie.
Hy wens hy kan net soos
’n padda spring.



“Jy sal binnekort net soos ek kan spring,” sê sy ouboet, Frikkie. “Kyk, jou agterpote het al gegroei.”



T3_3 The little tadpole_big book_A.indd 2 2021/11/04 18:29



Ná 'n ruk het Pietie se voorpote ook gegroei. "Kan ek nou spring?" vra hy. "Wag tot jou stert baie korter is," sê Frikkie.



T3_3 The little tadpole_big book_A.indd 3 2021/11/04 18:29



Eendag wil 'n yslike vis met skerp tande vir Pietie opeet! Pietie swem so vinnig as wat hy kan weg.



T3_3 The little tadpole_big book_A.indd 4 2021/11/04 18:29



En toe, skielik trek Pietie deur die lug en land op ’n klip langs die dammetjie!



T3_3 The little tadpole_big book_A.indd 5 2021/11/04 18:29




"Jy het so pas geleer om te spring!" roep Frikkie. Pietie is baie trots en bly dat sy wens waar geword het!



T3_3 The little tadpole_big book_A.indd 6 2021/11/04 18:29

b a d c e g f i j

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

BY NC SA